# 24 *Donderdag*

**SKRIFGEDEELTE: GENESIS 30:1-24**
**FOKUSGEDEELTE: GENESIS 30:22**

**Ragel – God is die Bron van seën en genade**

Ragel (ooi) word uiteindelik in die Skrif onthou as ʼn geseënde vrou wat stammoeder van die volk Israel is (Jer. 31:15-17; Matt. 2:17-18). In haar eie oë het die seën haar egter verbygegaan en sy het in jaloesie teenoor Lea en onbillikheid teenoor Jakob verval (vs 1-2). Ragel moes deur ʼn moeilike pad leer dat God die bron van seën is. Vandag staan sy in die Bybel as verwysing na die teleurstelling en hunkering van die talle kinderlose vrouens in die lewe. Ons wat dit nie ken nie, moet met deernis, uit haar lewenspad met God, begrip ontwikkel.

Ragel was ʼn pragtige vrou: mooi gebou en beeldskoon. Jakob was verblind deur sy liefde vir haar, met die gevolg dat hy talle swak besluite geneem het en deur Laban verkul en uitgebuit is (die kuller word verkul!). Weens Jakob se onreg teenoor Lea het die Here vir haar kinders gegee (29:31). Ragel se kinderloosheid was nie maar net die teendeel, straf, nie. Die Here het nog nie ingetree nie – Hy moes haar nog die pad van ware vertroue leer. Sy het ʼn geneigdheid gehad om afgode te vereer en ook ʼn listige streep (vs 31). Sy maak eie planne met liefdesappels om te probeer swanger word. Spanning ontwikkel tussen haar en Jakob, sodat sy hom verwyt (vs 1-2). Hy vererg hom en antwoord sonder liefde, al is dit wat hy sê, waar. Hier staan Hanna se biddende optrede in haar probleem en Elkana se reaksie op haar teleurstelling as ʼn voorbeeld vir ons (1 Sam. 1).

Ragel se reaksie op haar en Bilha se kinders se geboorte, wys tog dat sy God erken het. In haar onvolmaaktheid slaan Hy ag op haar gebede en gee ʼn eie kind. Hy gebruik dan hierdie positiewe gebeurtenis om haar tot die besef te bring dat sy nie self nuwe lewe kan bewerk nie, maar net in afhanklikheid van God kan ontvang. Haar lewe eindig ironies wanneer sy sterf deur dit wat sy die meeste begeer het: ʼn kind se geboorte.

In haar sien ons dat kinderloosheid nie straf is nie. In die ironie en teleurstelling van haar lewe voer die Here sy verbond na die grootste gawe ooit: sy eniggebore Seun. Ná sy geboorte het hoeveel moeders van peutertjies nie ook getreur soos Ragel nie (Matt. 2). In Hom het daar egter vir Ragel, haar man Jakob, dié wat glo uit die volk Israel, ons almal wat glo, verlossing gekom.

Ondanks ons eie gebreke en verkeerdhede gebruik die Here ons vir sy koninkryk op maniere wat ons nie altyd insien nie. In teleurstelling is ons troos: Hy is ons bron van lewe, ons hoef nie te wanhoop nie. In Jesus Christus slaan Hy op die mees innige manier op ons ag.

*Sing: Psalm 89-1:1, 2, 3; 89-2:1, 2*

*Ds. Jan Malan (Burgersdorp)*